Date : February, 26 , 2010 Publication : Beeld Page Number : 1

Die sanger Steve Hofmeyr troos me. Maria Rasello gister wie se dogter, Portia, aangerand, verkrag en vermoor is. Foto: WAYNE COETZEE

Stories wat president nie wou hoor

Hilda Fourie

"Liewe president, ek wil met jou praat oor my dogter.

"Sy is aangerand, verkrag en vermoor. Ons wil met jou praat, want ons soek die doodstraf terug. Nie net vir my dogter nie, maar vir almal . . . "

So het me. Maria Rasello, wie se dogter, Portia (26), op 24 Desember 2006 in Soweto vermoor is, gister gesê tydens die bekendstelling van die video *The Stories of South Africans the President Didn't Want to Hear*.

Dit is gemaak na aanleiding van die herrie wat ontstaan het toe niemand die duisende briewe teen misdaad wou ontvang op die dag toe pres. Jacob Zuma sy staatsrede gelewer het nie.

Die sanger Steve Hofmeyr is die ankeraanbieder.

Rasello, 'n werknemer van die vakbond Solidariteit, is een van duisende Suid-Afrikaners wie se briewe oor misdaad Zuma se kantoor nie verlede week wou ontvang nie.

Solidariteit het met 'n paar van dié misdaadslagoffers gaan praat en 'n video daarvan gemaak.

Rasello het gesê sy huil nog elke dag oor haar "mooi dogtertjie". Al is die man wat vir haar hartseer verantwoordelik is vir 14 jaar tronk toe gestuur, maak dit niks beter nie.

"Die president moet *crime* klaarmaak, nie net vir my nie, maar vir almal," het Rasello gesê.

Mnr. Ryan Dekenah, wie se ouma, mev. Kitty Botha (83), oorval, vasgebind, gewurg en doodgeslaan is voordat haar aanvallers haar huis in Lyttelton, Centurion, aan die brand gesteek het, het by die president gepleit om na sy mense te luister.

"Hoor mense se harte, want dit is waaroor dit gaan: Om as die leier van die land vir mense om te gee."

Mev. Leenette Snyman het in trane vertel hoe haar man, Kobus, voor haar en hul drie dogters, Lenika (16) en die tienjarige tweeling Britney en Kendra, doodgeskiet is.

"Hulle (die moordenaars) het hom koelbloedig doodgeskiet. Ek en my kinders is sonder die spesiale persoon in ons lewe.

"Hoe is ek veronderstel om vir my kinders te sorg? My man was die enigste broodwinner. Ons het nodig om iets te doen om die misdaad te stop," het sy gesê.

■ **Nog 'n berig op bl. 4.**